11 Maart 2019

NUUSBRIEF 2/2019

Geagte Ouers

Met die einde van die eerste kwartaal in sig, bring ons graag die volgende onder u aandag:

1. RAPPORTE EN OUERAAND

Rapporte word Woensdag, 13 Maart 2019 gedurende skoolure aan leerders oorhandig. Die oueraand wat aanvanklik vir Donderdag, 14 Maart 2019 geskeduleer was, is verskuif na Woensdag, 13 Maart 2019 om 17:00 – 18:30. Tydens hierdie oueraand sal die personeel graag met u gesprek wil voer rakende u kind se vordering. Ouers wat tevrede is met hul kind se vordering en gedrag, hoed nie die oueraand by te woon nie.

2. SPORTTOERE

Ons wens alle spanne en personeel wat gedurende die vakansie aan toernooie en klinieke deelneem, sterkte toe. Die O/9-, O/10- en O/11-rugbyspanne woon ‘n kliniek te Camp Discovery by.

Die Eerste rugbyspan neem aan die Glenwood Rugby Festival in Durban deel en daarna die Sportweni toernooi te Port Shepstone. Mag die vaardighede wat daar opgedoen word meehelp tot ‘n suksesvolle seisoen wat voorlê.

Sterkte ook aan al ons atlete wat aan die SA Kampioenskappe gaan deelneem gedurende die vakansie.

3. SUPER 8-TOERNOOI

Die Super 8-toernooie vir rugby en netbal vind gedurende die tweede naweek van die nuwe kwartaal te Polokwane plaas (12 – 13 April 2019). Ouers wat beplan om dit by te woon moet asseblief vroegtydig plek bespreek vir verblyf.

4. SKOOLSLUITING EN HEROPENING

Die skool sluit Vrydag, 15 Maart 2019 om **11:00** en heropen weer op Dinsdag, 2 April 2019 om 07:15. Leerlinge mag Vrydag, 15 Maart 2019 met gewone klere, asook ‘n sonbril en hoed (opsioneel) skool toe kom. ‘n Opvoedkundige reptielvertoning sal ook aangebied word om vir ons kinders dankie te sê vir hul harde werk en goeie gedrag.

‘n Donasie van R5 word vir hierdie dag gevra.

Dankie aan elke ouerhuis vir u lojale ondersteuning die afgelope kwartaal. Dit bly altyd ‘n groot voorreg vir my en die personeel om met u pragtige kinders te kan werk.

Groete

_____

Mnr J L M Venter
HOOF